

‘n KORT OPSOMMING OOR DIE ONTSTAAN VAN CERES GR 4



EERSTE BEWONERS

Die San was die eerste bewoners in die Ceres Vallei en Koue Bokkeveld omgewing. Hulle het spesiale tekeninge gemaak en dit kan nou nog gesien word as jy in rotsagtige areas stap in die Warm-en Koue Bokkeveld.

PAD DEUR DIE SKURWE BERGE



Die eerste roete in die vallei in was Jan Mostert, van die plaas Wolwekloof, se Mostertshoekpas. Dit is in 1765 gemaak. Die waspore kan vandag nog gesien word wat oor die berg loop.

In 1848 voltooi Andrew Geddes Bain Michellspas. Oorblyfsels van die pad kan nog steeds langs die herboude Michellspas gesien word. Die pas het dit maklik gemaak vir Ceres om as dorp te ontstaan.

Sowat halfpad in Michellspas staan die ou historiese Tolhuis. Die Tolhuisie is gebou na Michellspas voltooi is. Die tollenaar het daar gewoon. Wanneer mense met hul waens verby gekom het, moes hul tolgeld betaal. Net soos by Du Toitkloof tunnel, waar jy tolgeld moet betaal om die pad deur die tunnel te gebruik. Die Tolhuisie is in 1972 as Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar.



EERSTE LANDBOU

Die eerste Europese boere het reeds vanaf 1728 plase in die Ceres vallei bekom. Van die eerste plase was Bokrivier, Leeufontein, Rietvallei, Ezelfontein, Houdenbek, Moerasvlei (Boplaas). Die eerste boere het met vee, graan, groente geboer en vrugte vir eie gebruik.

ONTSTAAN VAN CERES

Ceres het in twee dele ontwikkel. Gedurende Julie 1849 word die eerste erwe aan die westekant van die Dwarsrivier verkoop, dit wil sê, die area waar die SPAR, ABSA Bank, en Hofgebou staan. Maar toe 5 jaar later word die dorp verder uitgebrei deurdat erwe opgesny is aan die Oostekant van die Dwarsrivier. Dit was deel van die plaas Rietvallei. Ek wonder of jy geweet het dat die rivier wat Ceres in twee deel die Dwarsrivier genoem word? Die grond aan die oostekant van die Dwarsrivier is waar Standardbank, die Museum en Giovanis Viskafee geleë is. Die stigtingsdatum van Ceres as dorp is 29 Oktober 1849

Oral lees ons dat Ceres vermoem is na die Romeinse Godin van Vrugbaarheid, maar navorsing het getoon, dat Andrew Geddes Bain, wat Michellspas gebou het, Ceres sy naam gegee het en dat dit verwys na die dorpie Ceres in Skotland, waar mnr Bain baie naby aan gewoon het.

In 1969 vind ‘n groot aardbewing plaas in die Boland insluitend Ceres. Die sterkte van die skudding was 6.3 op die Richterskaal. Paaie, huise is beskadig en sommige heeltmaal verwoes. In Ceres omgewing is 1 persoon nl Anna Witbooi, oorlede. Sy was woonagtig in die Witzenberg Vallei op die plaas Ouplaas.

BEKENDE PERSONE:

Daar is ‘n paar bekende mense wat uit Ceres en omgewing kom of hier gewoon het vir ‘n tyd:

Dr. Christiaan Barnard – Was die eerste persoon ooit wat ‘n hart oorgeplant het. Hy was ‘n hartspesialis; Breyton Paulse -springbok rugbyspeler; De Wet Barry – springbok rugbyspeler; Yolani Abrahams - TV sjef; Simon Rademan – ontwerper; Boerneef – bekende skrywer, Suzaan Steyn – Tv en Radio omroeper; Ernst van Dyk – rolstoel atleet; Adrian Wildschutt – Atleet; Jaiden Baron- Seven’s Springbok rugbyspeler

